# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 34

Vraag 92: Hoe lui die Wet van die Here?

Antwoord: God het al hierdie woorde gespreek: Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.(Eksodus 20)

Vraag 93: Hoe word hierdie gebooie ingedeel?

Antwoord: In twee tafels, waarvan die eerste in vier gebooie ons leer hoe ons ons teenoor God moet gedra, [illegible] tweede in ses gebooie, wat ons aan ons naaste verskuldig is.

Vraag 94: Wat geb[illegible]d in die eerste gebod?

Antwoord: Ek moet ter wille van my siele he[illegible]aligheid alle afgodery, tow[illegible]ery, waarsêery, bygeloof, aanro[illegible] van heiliges of ander skepsels, vermy en daarvan wegvlug. E[illegible]t die enige ware God reg leer ken, Hom alleen vertrou, my slegs [illegible]om met alle [illegible]igheid en ged[illegible]werp en van Hom al[illegible]le goeie dinge [illegible] mo[illegible] hart liefhê, vre[illegible]er. [illegible] minste



Vraag 95: Wat is afgodery?

Antwoord: Dit is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar, het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertroue stel.



Vraag 92: Hoe lui die Wet van die Here?

Antwoord: God het al hierdie woorde gespreek: Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.

Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is ‘n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.

Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.

Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.

Jy mag nie doodslaan nie.

Jy mag nie egbreek nie.

Jy mag nie steel nie.

Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.

Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.

# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 34

Vraag 93: Hoe word hierdie gebooie ingedeel?

Antwoord: In twee tafels



Eksodus 31:18: Nadat die HERE klaar met Moses gepraat het, het Hy vir hom op die berg Sinai die twee tafels met die Getuienis gegee – kliptafels waarop daar deur die vinger van God geskryf is.

Eksodus 34:28: Hy was daar by die HERE veertig dae en veertig nagte lank. Brood het hy nie geëet nie en water het hy nie gedrink nie. Hy het op die kliptafels die woorde van die verbond, die Tien Gebooie, geskryf

Deuteronomium 4:13: Hy het aan julle sy verbond bekend gemaak, naamlik die Tien Gebooie, waarvolgens julle moet leef, soos Hy beveel het. Hy het dit ook op twee kliptafels gegraveer.

Deuteronomium 10:3-4: Ek het toe 'n kis van doringhout gemaak en twee kliptafels soos die eerstes uitgekap. Daarna het ek teen die berg opgegaan met die twee tafels by my. Die HERE het toe op die tafels, met dieselfde skrif as die vorige, die Tien Gebooie geskryf wat Hy op die berg uit die vuur vir julle aangekondig het, die dag van die byeenkoms. Die HERE het dit vir my gegee

Vraag 93: Hoe word hierdie gebooie ingedeel?

Antwoord: In twee tafels, waarvan die eerste in vier gebooie ons leer hoe ons ons teenoor God moet gedra, die tweede in ses gebooie, wat ons aan ons naaste verskuldig is.



Matteus 22:37-40: Hy het vir hom gesê: “ ‘Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.’ Dit is die belangrikste en die eerste gebod. En die tweede wat hieraan gelyk staan, is, ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ Op hierdie twee gebooie berus die hele Wet en die Profete.

Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?

Antwoord: Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery,



1 Korintiërs 6:9, 10: Weet julle nie dat onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërf nie? Laat julle nie mislei nie: Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of manlike prostitute of mans wat met mans intiem verkeer, of diewe, geldgieriges, dronkaards, kwaadpraters of rowers, sal die koninkryk van God as erfdeel ontvang nie.

1 Korintiërs 10:7: Moenie afgodedienaars wees, soos sommige van hulle nie; daar staan immers geskryf: “Die volk het gaan sit om te eet en te drink en opgestaan om te speel.”

1 Korintiërs 10:14: Daarom, my geliefdes, vlug weg van die afgodediens!

1 Johannes 5:21: My kinders, beskerm julleself teen die afgode.

Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?

Antwoord: Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof,



Levitikus 19:31: Moet julle nie wend tot waarsêergeeste nie, en by voorvadergeeste moet julle nie hulp soek nie. Dit is net om deur hulle onrein te word. Ek, die HERE, is julle God.

Deuteronomium 18:9-12: Wanneer jy in die land kom wat die HERE jou God vir jou gaan gee, moet jy nie die afstootlike gebruike van daardie nasies aanleer nie. Daar mag nooit by jou iemand wees wat sy seun of dogter in die vuur offer, of wat voorspellings maak, voortekens lees, waarsêery beoefen, of 'n towenaar is nie, wat towerspreuke gebruik, waarsêer- of voorvadergeeste oproep, of dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die HERE afstootlik. En dit is oor hierdie afstootlike dinge dat die HERE jou God hulle voor jou verdryf.

# Heidelbergse Kategismus



Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?

Antwoord: Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van heiliges of ander skepsels,



Matteus 4:10: Toe sê Jesus vir hom: “Gaan weg, Satan! Want daar staan geskryf, “ ‘Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.’

Openbaring 19:10: En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid. Maar hy sê vir my: “Moet dit nie doen nie! Ek is net 'n mededienskneg saam met jou en jou broers wat die getuienis oor Jesus huldig. Aanbid God, want die getuienis oor Jesus is die gees van die profesie.

Openbaring 22:8-9: Ek, Johannes, is die een wat hierdie dinge gehoor en gesien het. Toe ek dit gehoor en gesien het, het ek in aanbidding neergeval aan die voete van die engel wat hierdie dinge aan my gewys het. Maar hy het vir my gesê: “Moet dit nie doen nie! Ek is net 'n dienskneg saam met jou en jou broers, die profete, en saam met diegene wat vashou aan die woorde van hierdie boekrol. Aanbid God!”

Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?



Antwoord: Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van heiliges of ander skepsels, vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken,

Johannes 17:3: En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en ook Hom wat U gestuur het – Jesus Christus.

# Heidelbergse Kategismus

Sondag: 34

Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?



Antwoord: Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van heiliges of ander skepsels, vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken, Hom alleen vertrou,

Jeremia 17:5: So sê die HERE: “Vervloek is die man wat op mense vertrou, wat in mense sy krag vind, maar sy hart draai van die HERE weg.

Jeremia 17:7: Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, wie se vertroue die HERE is.

Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?



Antwoord: Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van heiliges of ander skepsels, vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken, Hom alleen vertrou, my slegs aan Hom met alle nederigheid

1 Petrus 5:5: Net so moet julle wat jonk is, ondergeskik wees aan ouer mense. Beklee julle almal met nederigheid teenoor mekaar, want "God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade."

Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?



Antwoord: Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van heiliges of ander skepsels, vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken, Hom alleen vertrou, my slegs aan Hom met alle nederigheid en geduld onderwerp

Romeine 5:3-5: Maar dis nie al nie: Ons beroem ons ook op ons verdrukking, omdat ons weet verdrukking bewerkstellig volharding, en volharding lei tot betroubaarheid, en betroubaarheid tot hoop. En die hoop beskaam nie, want God se liefde is in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.

1 Korintiërs 10:10: En moenie mor, soos sommige van hulle gemor het nie – hulle is deur die vernietiger uitgedelg.

Filippense 2:14: Doen alles sonder kla en teenpraat,

Kolossense 1:11: en deur die mag van sy heerlikheid al die krag ontvang om geduldig in alles te volhard.

Hebreërs 10:36: Julle het inderdaad volharding nodig, sodat julle, wanneer julle die wil van God gedoen het, die belofte kan verkry.

# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 34

Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?



Antwoord: Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van heiliges of ander skepsels, vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken, Hom alleen vertrou, my slegs aan Hom met alle nederigheid en geduld onderwerp en van Hom alleen alle goeie dinge verwag.

Psalm 104:27-28: Hulle almal sien op na U om vir hulle kos te gee op tyd. Gee U vir hulle, raap hulle dit op; maak U u hand oop, word hulle versadig met wat goed is.

Jesaja 45:7: die Een wat die lig vorm en die duisternis skep, wat voorspoed bewerk en onheil skep. Ek, die HERE, bewerk al hierdie dinge.

Jakobus 1:17: Elke goeie geskenk en elke volmaakte gawe kom van bo af, van die Vader van die hemelligte, by wie daar geen afwyking of skadu van verandering is nie.

Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?



Antwoord: Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van heiliges of ander skepsels, vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken, Hom alleen vertrou, my slegs aan Hom met alle nederigheid en geduld onderwerp en van Hom alleen alle goeie dinge verwag. Ek moet Hom met my hele hart liefhê,

Deuteronomium 6:5: Jy moet die HERE jou God met hart en siel liefhê en met al jou krag.

Matteus 22:37: Hy het vir hom gesê: " 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.

Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?



Antwoord: Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van heiliges of ander skepsels, vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken, Hom alleen vertrou, my slegs aan Hom met alle nederigheid en geduld onderwerp en van Hom alleen alle goeie dinge verwag. Ek moet Hom met my hele hart liefhê, vrees

Deuteronomium 6:2: sodat jy ontsag mag hê vir die HERE jou God, deur al sy vaste voorskrifte en gebooie wat ek jou beveel, na te kom so lank jy leef, jy en jou kinders en jou kleinkinders, en sodat jy 'n lang lewe mag hê.

Psalm 111:10: Die begin van wysheid is ontsag vir die HERE; almal wat sy opdragte uitvoer, het goeie insig. Sy lof hou vir altyd stand.

Spreuke 1:7: Ontsag vir die HERE is die begin van kennis; wysheid en vermaning – net sotte verag dit.

Spreuke 9:10: Die begin van wysheid is ontsag vir die HERE, en kennis van die Heilige is insig.

Matteus 10:28: En moenie diegene vrees wat die liggaam kan doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Vrees eerder Hom wat beide die siel en die liggaam in Gehenna kan laat vergaan.

Gehenna: 'n Vergriekste vorm van die Hebreeuse uitdrukking Ghee Hinnoom of Ghee Ben-Hinnoom, wat verwys na die Hinnomdal, wat volgens Jer 7:31-32; Jer 19:6-7 'n plek van straf sou word. Word ook vertaal as “hel”.

# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 34

Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?



Antwoord: Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van heiliges of ander skepsels, vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken, Hom alleen vertrou, my slegs aan Hom met alle nederigheid en geduld onderwerp en van Hom alleen alle goeie dinge verwag. Ek moet Hom met my hele hart liefhê, vrees en eer.

Deuteronomium 10:20: "Vir die HERE jou God moet jy ontsag hê – Hom moet jy dien, aan Hom moet jy vashou en slegs in sy Naam moet jy sweer.

Matteus 4:10: Toe sê Jesus vir hom: "Gaan weg, Satan! Want daar staan geskryf, " 'Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.' "

Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?

Antwoord: Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van heiliges of ander skepsels, vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken, Hom alleen vertrou, my slegs aan Hom met alle nederigheid en geduld onderwerp en van Hom alleen alle goeie dinge verwag. Ek moet Hom met my hele hart liefhê, vrees en eer. Sodoende sien ek eerder van alle skepsels af as om in die minste teen sy wil te handel.



Gehenna: 'n Vergriekste vorm van die Hebreeuse uitdrukking Ghee Hinnoom of Ghee Ben-Hinnoom, wat verwys na die Hinnomdal, wat volgens Jer 7:31-32; Jer 19:6-7 'n plek van straf sou word. Word ook vertaal as “hel”.

Matteus 5:29-30: “As jou regteroog jou laat struikel, ruk dit uit en gooi dit van jou af weg. Want dit is voordeliger vir jou dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in Gehenna gegooi word. En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit van jou weg. Want dit is voordeliger vir jou dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in Gehenna beland.

Handelinge 5:29: Maar Petrus en die apostels het geantwoord: “Ons moet eerder gehoorsaam wees aan God as aan mense.

# Heidelbergse Kategismus

# Sondag: 34

Vraag 95: Wat is afgodery?

Antwoord: Dit is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar, het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertroue stel.



1 Kronieke 16:26: Ja, al die gode van die volke is niksbeduidend, maar die HERE het die hemel gemaak.

Jesaja 44:15-17: Dit is daar vir 'n mens om vuur mee te maak; hy vat daarvan en maak hom warm. Hy kan vuur maak en brood bak daarmee, én 'n god maak en daarvoor buig in aanbidding. Hy maak daarvan 'n afgodsbeeld en kniel daarvoor neer. Die helfte daarvan verbrand hy in 'n vuur; op hierdie helfte is vleis wat hy kan eet; hy braai dit en word versadig. Hy maak hom ook warm en sê, 'A! Ek word warm; ek sien die gloed van 'n vuur!' En die res daarvan verwerk hy tot 'n god, tot sy afgodsbeeld. Hy kniel daarvoor neer, buig daarvoor in aanbidding, aanbid dit en sê, 'Red my, want u is my god!'

Johannes 5:22: Die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die volle oordeel aan die Seun oorgegee,

Galasiërs 4:8: Maar vroeër, toe julle God nog nie geken het nie, was julle verslaaf aan gode wat in werklikheid nie bestaan nie.

Efesiërs 2:12: Onthou dat julle in daardie tyd sonder Christus was, uitgesluit van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten opsigte van die verbondsbeloftes, sonder hoop en sonder God in die wêreld.

Efesiërs 5:5: Want dit moet julle goed begryp: Geen hoereerder of onreine of gierigaard – so iemand is 'n afgodedienaar – het 'n erfdeel aan die koninkryk van Christus en van God nie.

Filippense 3:19: Hulle einde is die verderf, die maag is hulle god, hulle eer is geleë in hulle skande – hulle wat aardse dinge bedink

1 Johannes 2:23: Elkeen wat die Seun ontken, het nie die Vader nie; wie die Seun bely, het ook die Vader.

2 Johannes:9: Elkeen wat nie by die leer van Christus bly nie, maar verder as dit wil gaan, het God nie; wie by die leer bly, so iemand het die Vader sowel as die Seun.

Vraag 92: Hoe lui die Wet van die Here?

Antwoord: God het al hierdie woorde gespreek: Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.(Eksodus 20)

Vraag 93: Hoe word hierdie gebooie ingedeel?

Antwoord: In twee tafels, waarvan die eerste in vier gebooie ons leer hoe ons ons teenoor God moet gedra, die tweede in ses gebooie, wat ons aan ons naaste verskuldig is.

Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?

Antwoord: Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van heiliges of ander skepsels, vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken, Hom alleen vertrou, my slegs aan Hom met alle nederigheid en geduld onderwerp en van Hom alleen alle goeie dinge verwag. Ek moet Hom met my hele hart liefhê, vrees en eer. Sodoende sien ek eerder van alle skepsels af as om in die minste teen sy wil te handel.

Vraag 95: Wat is afgodery?

Antwoord: Dit is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar, het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertroue stel.

**SONDAG: 34 - VRAAG EN ANTWOORD: 92**

Vraag: Hoe lui die Wet van die Here?

Antwoord: God het al hierdie gebooie aangekondig: Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.

**SONDAG: 34 - VRAAG EN ANTWOORD: 93**

Vraag: Hoe word hierdie gebooie ingedeel?

Antwoord: In twee tafels1, waarvan die eerste in vier gebooie ons leer hoe ons ons teenoor God moet gedra, die tweede in ses gebooie, wat ons aan ons naaste verskuldig is2.

1 Eksodus 31:18; Eksodus 34:28; Deuteronomium 4:13; Deuteronomium 10:3-4
2 Matteus 22:37-40

**SONDAG: 34 - VRAAG EN ANTWOORD: 94**

Vraag: Wat gebied God in die eerste gebod?

Antwoord: Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery1, towery, waarsêery, bygeloof2, aanroeping van heiliges of ander skepsels3, vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken4, Hom alleen vertrou5, my slegs aan Hom met alle nederigheid6 en geduld onderwerp7 en van Hom alleen alle goeie dinge verwag8. Ek moet Hom met my hele hart liefhê9, vrees10 en eer11. Sodoende sien ek eerder van alle skepsels af as om in die minste teen sy wil te handel12.

1 1 Korintiërs 6:10; 1 Korintiërs 10:7; 1 Korintiërs 10:14; 1 Johannes 5:21
2 Levitikus 19:31; Deuteronomium 18:9-12
3 Matteus 4:10; Openbaring 19:10; Openbaring 22:8-9
4 Johannes 17:3
5 Jeremia 17:5; Jeremia 17:7
6 1 Petrus 5:5
7 Romeine 5:3-5; 1 Korintiërs 10:10; Filippense 2:14; Kolossense 1:11; Hebreërs 10:36
8 Psalm 104:27-28; Jesaja 45:7; Jakobus 1:17
9 Deuteronomium 6:5; Matteus 22:37
10 Deuteronomium 6:2; Psalm 111:10; Spreuke 1:7; Spreuke 9:10; Matteus 10:28
11 Deuteronomium 10:20; Matteus 4:10
12 Matteus 5:29-30; Matteus 10:37-39; Handelinge 5:29

**SONDAG: 34 - VRAAG EN ANTWOORD: 95**

Vraag: Wat is afgodery?

Antwoord: Dit is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar, het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertroue stel1.

1 1 Kronieke 16:26; Jesaja 44:15-17; Johannes 5:22; Galasiërs 4:8; Efesiërs 2:12; Efesiërs 5:5; Filippense 3:19; 1 Johannes 2:23; 2 Johannes:9